



Universiteit van Stellenbosch

Departement Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese

Syferstelsels 144 Praktika 11 - 2004

Doelwit

Oefening in die ontwerp van toestand-masjiene.

Opdragte

Ontwerp 'n toestand-masjien wat sal waarneem wanneer drie 1'e direk na mekaar in 'n sinchrone bis-stroom voorkom. Indien dit voorkom moet 'n enkele uitgangsein z aktief (hoog) gaan vir een klokperiode. L.W. hierdie is 'n uitbreiding van die voorbeeld wat in u handboek in hoofstuk 8 behandel word.

Simuleer die baan en maak seker dat u die werking van die baan ten volle verstaan. Stel die klokfrekwensie van die simulatie op 10 MHz.

Uitvoering

Werk in groepe van twee persone by elke rekenaar. U moet die tyd in die laboratorium maksimaal benut om hulp van die dosente te ontvang waar daar nog onsekerhede by u oor die werk is. Sorg dat u 'n handtekening kry voor u die laboratorium verlaat as bewys van u teenwoordigheid.

18 Oktober 2004

ss144_p11